Die sing van liedere speel 'n groter rol by naturelle kampdienste—beide in en buite die dienste—as in die gewone dienste van die witmense. Dit skyn asof die inboorling al sy moeilikede vergeet wanneer hy sing, en hy bestee al sy aandag aan die lied nes of daar niks anders ter wêreld is wat sy aandag nodig het nie.

By die Sabbatoggenddiens was daar 1,685 mense teenwoordig, en die opkoms by 'n aantal ander dienste was byna net so groot. By die laaste diens was daar ses-en-sewentig nuwe lede gedoop en by die kerk toegevoeg.

Een van die aangename verrigtings by hierdie kampdiens was die inwyding van die natuurlike hospitaal wat soewe vooltooi was. Onder die sprekers was daar ook die Naturelle Kommissaris, wat die werk wat die Adventiste doen waardeer; en hy het 'n beroep gedoen op die groot gehoor om hul waardering op 'n tasbare wyse te toon. Dr. F. E. Ingle het ons deur die gebou geneem, en daarna het honderde van die natuurlike die geleentheid te baat geneem om besoeke af te lê, want dit was besoekdag by die hospitaal. Alhoewel die hospitaal nou eers offisiël ingewy is, is Dr. Ingle en verpleegster Stockil al vir 'n geruime tyd besig om pasiënte te behandel en te verpleeg.

Ons was bly om by hierdie geleentheid weer Broeder en Suster Cyril Sparrow, Broeder en Suster Marx, en Suster Butterfield te ontmoet. Suster F. R. Stockil en Broeder Stanley Stockil het ook later daar aangekom.

Na 'n aangename verblyf in die huis van Dr. Ingle te Gwelo, het ek en Leraar Robinson vertrek na die kampdienste op Hanke. Leraar Boger en Broeder Hankins is in die tussentyd na die Shangani kampdienste. Hanke was eers 'n Europese stasie en Leraars T. J. Gibson en F. R. Stockil was die vorige direkteurs; nou is Leraar Edward Mbono in bevel en doen goeie werk. Seshonderd-en-veertig het die dienste hier bygewoon, en twee-en-sestig was gedoop.

Ons laaste dienste was naby Fort Victoria gehou, op 'n sendingstasie onder die bestuur van Leraar Paul Mbona. Hier, onder 'n skerm van takke, het 'n paar honderd gelowiges en belangstellendes die seëninge van die kampdiens geniet. Broeder en Suster V. Malloch, en Broeder en Suster L. R. Sparrow, met hul gesinne, het Sabbat en Sondag die dienste ook bygewoon. Broeder William Buckley, wat heelwat tyd bestee aan die Sabbatskool en kerk in hierdie distrik, het ons kom help en was in bevel van die Sabbatskool. Opperhoof Allison met sy koor was verantwoordelik vir die spesiale musiek wat ons baie geniet het. Op die laaste dag van die kampdiens was

daar 'n doopdiens, en vier-en-veertig gelowiges was by die kerk toegevoeg.

Die kampdienste in die Sambesi Unie het gekom en is verby. Duisende het vir baie maande na hierdie dienste uitgesien. Hulle het hulle daarvoor ingerig. Hulle het uitgesien na die seëninge wat die kampdienste sou bring; want die kampdienste is God se bestelling met Sy volk. Dit is by die kampdienste waar God Sy spesiale seëninge uitstort. En by die dienste wat so ewe verby is, het God nie Sy volk teleurgestel nie. By elke plek wat ons besoek het, het dit geskyn asof die mense na hul huise teruggekeer het, versterk en gelukkig in hul diens vir die Meester.

Waar ek so terugdink aan wat ek in die Sambesi Unie gesien het, kom die oortuiging sterk by my op dat God die werk van Sy boodskappers in hierdie belangrike veld ryklik seën. Orals waar ons gegaan het, het ons dieselfde verslag van vooruitgang gehoor. Op party plekke is daar meer vooruitgang as op ander, dog orals samel die kerke nuwe lede in, en dis met vreugde dat ons sien hoedat hierdie nuwe lede hul plekke inneem en saam met ons uitsien na die koms van die dag van die Here.

## Angola Union

C. W. Curtis ..... Superintendent  
P. Stevenson ..... Sekr.-Tes.

Bongo Sending, Lepi, Angola.

## Angola se Jongste Sendingstasie

E. A. BUCKLEY

In die jaar 1929 het Leraar W. H. Anderson van die regering in Angola permissie gekry om 'n sendingstasie in die Malange distrik te stig; maar weëns gebrek aan middele was dit onmoontlik om met die werk te begin. Volgens wet moet ons binne vyf jaar van die grond besit neem of anders verval die konsessie. Daar die vyf jaar byna verlope was, het die komitee besluit om hierdie jaar met die werk te begin.

In die begin van Junie het Leraar C. W. Curtis, Dr. R. B. Parsons en ek vertrek om die stuk grond wat Leraar Anderson gekies het, te gaan opsoek, en om reëlings te tref met die regering om dadelik met die werk te begin. Die huidige Administrateur was 'n nuwe amptenaar, en het niks van die konsessie geweet nie. Hy het dus aan die hand gegee dat ons eers die stuk grond wat deur „W. H. Anderson” afgepen is, moes opsoek, en dan weer aan hom rapport moes doen.

Dit was moeilik om Leraar Anderson se merke te vind, om twee redes: Ten eerste was dit moeilik om na soveel jaar die merke wat aan die bome uitgekamp was, te sien, en ten tweede was daar net 'n

rukkie tevore 'n veldbrand en alles was swart. Op die tweede dag van ons soektog het ons by 'n kafferstatjie uitgekom en ons het aan hulle gevra of hulle nie 'n ouerige witman gesien het wat daar grond afgepen het nie. Hulle het hom baie goed onthou, en die hoofman het ons die merke aangewys, een daarvan was by 'n fontejntjie, en daar aan 'n boom gespyker was 'n plank met die naam „W. H. Anderson” duidelik daarop.

Leraar Curtis en Dr. Parsons is toe terug na die Administrateur om rapport te doen. Hy het hulle aangeraai om na Loanda te gaan vir 'n onderhoud met die Goewerneur-Generaal, om absoluut seker te maak van die konsessie. Dit het hulle gedoen en alles aan die hoofkwartier in die haak gevind. Hulle het toe weer rapport aan die Administrateur gebring. Ons moes na verloop van drie dae weer kom vir die finale besluit. Ek het toe weer gegaan en was vriendelik deur die sekretaris ontvang wat my die volgende meegedeel het:

„Jy kan maar nou teruggaan en met die grootste gerustheid begin met die bouwerk; die konsessie is heeltemal in orde.”

Die dak van die eerste gebou is al amper klaar opgetimmer. Binnekort gaan ek terug na Lepi om my trek te haal. Die werk wat hier sal begin, is onder 'n stam wat nog nooit die evangelie gehoor het nie.

## S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson \_\_\_\_\_ President  
J. E. Symons \_\_\_\_\_ Sekr.-Tes.  
Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

## 'n Onderhoud met die Mediese Sekretaris

„SAL daar nie onder ons as 'n volk 'n herlewing van die matigheidswerk wees nie? Waarom wend ons nie ernstiger pogings aan om die drankewel te bestry nie? Drank verlaag die siel en veroorsaak geweld en misdaad van alle soorte. Met die groot lig wat God aan ons toevertrou het, behoort ons die voortou te neem in elke ware hervorming. Die gebruik van sterke drank maak mense waansinnig en lei tot die afgrylikste misdade. Oor die goddeloosheid wat grotendeels 'n gevolg is van die gebruik van sterke drank, tref die oordele van God vandag die aarde. Is dit nie ons heilige plig nie om ernstige pogings aan te wend ter bestryding van hierdie groot ewel?”—„*Counsels on Health*,” bls. 432.

Het u die saak ooit in hierdie lig beskou? Let op, „Oor die goddeloosheid wat grotendeels 'n gevolg is van die gebruik van sterke drank, tref die oordele van God vandag die aarde.” Dit beteken dat in soverre ons nalatig is in ons taak om die ewel van onmatigheid teë te werk, verhaas ons die uitgieting van Gods oordele op die

aarde. Hoeveel het u die afgelope twaalf maande gedoen om die matigheidssaak te bevorder in u omgewing? U mag vra, „Maar wat kan ek doen?” Laat my toe om 'n paar dinge aan die hand te gee.

Ten eerste moet u sorg dra dat u altyd 'n goeie voorraad leesstof oor die matigheidsvraagstuk by der hand het, naas die buurt-sending materiaal wat u gebruik. En gebruik dit. Kom dan in aanraking met die plaaslike tak van die Suid-Afrikaanse Matigheidsunie of die W. C. T. U. en sluit daarby aan. En verleen u werkdadige steun aan hierdie verwaarloosde saak. Slaan ag op die volgende uittreksel uit die Gees van profesie:

„Die W. C. T. U. is 'n organisasie waarmee ons hartelik kan saamwerk om die beginsels van matigheid te bevorder. Die lig is aan my gegee dat ons hulle nie op 'n afstand moet hou nie, maar, hoewel ons geen beginsel moet prysgee nie, dat ons sover as moontlik met hulle moet saamwerk vir hervorming op die gebied van matigheid. My eggenoot en ek het saam gewerk met hierdie matigheidswerkers, en tot ons vreugde het verskeie van hulle by ons aangesluit in die onderhouding van die ware Sabbat. Daar is onder hulle 'n sterk vooroordeel teen ons, maar ons sal nie die vooroordeel verwyder deur hulle op 'n afstand te hou nie. God stel ons op die proef. Waar moontlik moet ons saam met hulle werk, en dit kan ons voorwaar doen met betrekking tot die afskaffing van die kantien.”—„*Counsels on Health*,” bls. 436, 437.

Daar word veels te min stemme verhef teen hierdie ewel in ons land. Meer konskwent as ander Christene, miskien, kan ons hierdie werk bevorder, daar dit deel uitmaak van ons beginsels in verband met gesondheidshervorming. Laat ons ons verantwoordelijkheid in hierdie saak besef en alles in ons vermoë doen om die uitstorting van Gods oordele te vertraag, sodat manne en vroue kan gewin word vir Hom, en Sy werk op die aarde kan voltooi word.

## Uitgewers Dept.

F. E. Potter, Sekretaris

## Met Ons Kolporteurs

FREDERICK FICKER

Op weg om ons kolporteur-evangeliste in Natal te besoek, het ek Broeder Carel Jonker op Harrismith ontmoet. Hierdie jonge dog toegewyde kolporteur het goeie werk in hierdie distrik verrig. Ondanks lang afstande, slegte paaië, reent, modder, en koue, het hy elke plaas getrou besoek met „God's Answers” en „God se Antwoorde.”

Op Pietermaritzburg het ek Broeder G. Liquorish aan die gang gesit met „Our Day.” Alhoewel hy al baie jare agter die

rug het, het hy vir 'n geruime tyd gevoel dat hy vir die Here moet werk, en nou is hy baie gelukkig dat hy die voorreg het om siele te win. Broeder Fowler waarsku daardie bese stad, Durban, met „This Mighty Hour”; twee dames hou alreeds die Sabbat as gevolg van sy arbeid en daar is andere wat belangstel.

Na 'n nagreis met die trein het ek op Kokstad, die hoofstad van Oos-Grikwaland, aangekom, waar ek 'n dame gevind het wat die Sabbat hou. Sy het my meegedeel dat Kolporteur J. J. Oosthuizen na Matatiele vertrek het. Sy het die waarheid deur Broeder Oosthuizen ontvang, en sy getuig nou vir die waarheid in daardie dorpie. Dank die Here daarvoor! Sover ek weet is sy die enigste blanke daar wat die waarheid aangeneem het. Ek het Broeder Oosthuizen later ontmoet; hy is vol moed.

Predikante het hul kuddes gewaarsku, maar ons jong broeder het onder Gods leiding een van die predikante gekolporteer, en toe dié sien wat 'n uitstekende boek „Bybellesings” is, het hy 'n eksemplaar bestel om hom te help in die voorbereiding van sy preke.

Broeder Frans Jonker stry moedig met die Russelliete op Vryheid. Die „Wederdopers” het 'n aantal gedoop, en boonop nog kom die Adventiste kolporteur om sy „ketterse boeke” te verkoop! Dog ten spyte van dit alles is dit verbasend hoeveel boeke verkoop is. 'n Welbekende man, sekretaris van 'n groot firma, na aan hom verduidelik was dat hierdie gids hom 'n beter begrip van die Bybel sou gee, het geredelik 'n bestelling vir „Bybellesings” geplaas. Ons hoef ons nooit te skaam vir ons boeke nie, hulle is die beste in die wêreld.

Ver in die oostelike Transvaal, waar daar nog nooit 'n Adventiste sendeling gewees het nie, is Broeder D. A. de Beer besig om „God se Antwoorde” te verkoop. Die dorpe en plase is ver uitmekaar, en verskeie keer het hy leeus teëgekome. Maar leeus of nie leeus nie, hy weet hy werk vir die „Leeu uit die stam van Juda,” en dat geen kwaad hom sal wederveraar nie. Baie mense het hom gevra om vir hulle Bybelstudies te gee, en hy kan nie voldoen aan al die versoeke nie. Ek herinner my nog hoedat een plaasboer ons na die slaapkamer gevolg het om meer van die Bybel te hoor; eindelijk kon ek my oë nie meer langer oop-hou nie, en het aan die slaap geraak onderwyl Broeder De Beer, moeg soos hy was, tot laat in die nag die hongerige siel moes voed.

Dit is ongetwyfeld waar wat die diensmaag van die Here op bladsy ses van die „Kolporteur-Evangelist” sê: „Daar is baie wat weëns vooroordeel nooit die waarheid sal hoor nie, tensy dit tot hulle aan hul wonings gebring word. Die kolporteur kan sulke siele opsoek en hulle bearbei.”

Wanneer die rekords in die hemel nagegaan word, mag hierdie getroue werkers dan beloon word deur sterre in hul krone te sien as gevolg van die siele wat hulle gered het vir Gods koninkryk.

## Obituaries

**WILLMORE.**—William Howson Willmore was born in the Eastern Province, July 27, 1842, and died at his residence, Johannesburg, August 22, 1934. Brother Willmore accepted the truth through the labours of Elders Hankins and Tarr at Rokeby Park forty-three years ago, and was baptised soon after by Elder Boyd. He eventually became a canvasser in the eastern Cape Colony. Many years of his Christian life were spent in the literature ministry. Brother Willmore travelled thousands of miles during his years of canvassing, on horseback and by cart; many times he had to traverse dangerous rivers and valleys in order to reach a distant farm-house, at which he hoped to sell a book, or distribute some free literature. He was always steadfast in the work, and ever ready to preach the Word to souls who were yet in darkness. In his latter years he was always happy to relate his experiences; sometimes he was welcomed with a kindly, "Come in and stay with us for the night," and here his good work would leave some precious souls enlightened in the message, while many a time he met with a rebuff and was sent on his way. But no matter how rough the road seemed, Brother Willmore became more steadfast and eager to press on, spreading the third angel's message far and wide. In April 1910, he moved with his family to Johannesburg where he remained until his death. A few days before he died he sang:

"The Lord is my Shepherd, I shall not want,  
He maketh me to lie down in green pastures;  
He leadeth me beside the still waters,  
He restoreth my soul.

"Lead us, gently lead us on,  
Lead us till the night is gone,  
Lead us to the glorious dawn;  
Heavenly Shepherd lead us on."

Brother Willmore was conscious to the end, and expressed the wish to join his life-partner who was laid to rest in October, 1931. Sister Willmore was one of the first Sabbath keepers at Rokeby Park. It was the wish of Brother Willmore to be laid to rest in the grave of his dear wife, and he expressed his faith and confidence in God.

He fell asleep peacefully at sunset on August 22, 1934 and leaves to mourn their loss, eight daughters and one son. A service was conducted at the funeral parlour by Elder J. Birkenstock, who related how Brother Willmore had been a father to him and had helped him in his Christian experience.

We proceeded to the Brixton Cemetery where an additional service was held.

"I heard the voice of Jesus say, Come unto Me and rest," which was one of

Brother Willmore's favourite hymns, was beautifully sung by friends who had gathered together to pay their last respects to a faithful child of God.

Before the close of the service, Sister Mitchell sang the beautiful words:

"Sleep on beloved, sleep, and take thy rest,  
Lay down thy head upon thy Saviour's breast,

We loved thee, but Jesus loved thee best,  
Good night, Good night."

And so they rest together from their labours, to await the coming of the Lord, who will call them forth to meet Him in the air, and to be with Him forever.

M. HOLESgrove.

**FAURE-LATEGAN.**—Willem Hendrik Faure-Lategan, infant son of Mr. and Mrs. P. Faure-Lategan, was born in Bloemfontein, June 14, 1933. Some weeks ago little Willem contracted whooping-cough, from which pneumonia later developed. All that loving hands and medical skill could do to check the disease proved unavailing, and the little sufferer fell asleep on Friday, September 21, 1934.

The service which was largely attended, was conducted at the home by Dr. De Wet of the Dutch Reformed Church; and at the graveside I assisted him.

We extend our most sincere sympathy to the grief-stricken parents, who with the two little brothers are left to mourn their loss.

"Lovely this child, asleep in death;  
How beautiful and fair!  
Yes, even now, tho' void of breath,  
God's impress still is there.

"And if thus fair and lovely here,  
Beneath death's icy hand,  
O, will it not be beautiful there,  
'Mid the immortal band?"

"Tho' nature weeps when holy ties,  
So strongly bound, are riven,  
Yet faith the Saviour's word applies,  
'Of Such the realms of heaven.'"

E. D. HANSON.

**KONIGMACHER.**—Ruth Mason was born January 8, 1880 at East West Morland, New Hampshire, U. S. A., and died at Claremont, Cape Province, South Africa, September 29, 1934. She attended the South Lancaster College in Massachusetts, graduating from the Normal Course in 1899, at which time she accepted a position at the Melrose Sanitarium as stenographer.

In 1901 she was married to Samuel N. Konigmacher, a graduate nurse of the Battle Creek Sanitarium. To this union four sons were born, three dying in infancy.

It was in 1905 that Brother and Sister Konigmacher received a call to labour in California, and they took up work at the Loma Linda Sanitarium for a time, then went on to the St. Helena Sanitarium, where they laboured for three years.

In 1908 the mission board placed a call

for them to come to Africa, so in June of the same year we find them on African soil, and proceeding to Nyasaland, where they spent five years. For the first few months they remained on the main station, then they went on to Matandani.

At the end of five years' service, Brother and Sister Konigmacher returned to the States on furlough; but within a year they were back in Africa, this time proceeding to Rusangu Mission where they took charge of the school work.

After a period of one and one half years at Rusangu they were asked to pioneer the work at the Musofu Mission, and for a period of nine years they carried on the work at that place. It was during this period that their second furlough overseas was taken. This time two and one half years passed before they returned to the land of their adoption.

In 1924 the Upper Zambesi called them, and they located at Kalembeza; but owing to certain circumstances it was deemed best for them to go on to Katimo Mulilo, where they laboured faithfully for four years.

In 1928 Brother and Sister Konigmacher pioneered the work into Barotseland, opening up the Liumba Hill Mission. About eight months ago, while at her post of duty on this mission, Sister Konigmacher's health failed. Upon the advice of the doctor she was taken to the Cape, but her strength gradually waned until on Sabbath, September 29, at 3.30 P.M., she passed peacefully to her rest and was buried in the Plumstead cemetery.

She lived a life of sacrifice, and, having spent twenty-six years in loyal, devoted service for the Master in the mission field, she died with the full assurance of a blessed resurrection.

She leaves to mourn, a loving husband, a son, a brother in Glendale, California, a sister in Keene, Texas, and a host of friends.

A. V. EDWARDS.

## Doodsberig

**NEL.**—Isabella Margaretha Nel, gebore 13 November 1848, het op 14 September 1934, na 'n lyding van twee maande haar rus ingegaan. Suster Nel het die waarheid in 1918 omhels, en is saam met haar eggenoot, net kort na die griep, deur Leraar G. Shone gedoop.

Dit is as gevolg van haar arbeid en godvrugtige lewe dat haar suster, Suster Naude, die waarheid aangeneem het.

„En ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Skryf—salig is van nou af die dode wat in die Here sterwe. Ja, sê die Gees, sodat hulle kan rus van hul arbeid, en hulle werke volg met hulle.” Openb. 14: 13.

Ons betuig ons innige simpatie met die treurende eggenoot en kinders.

Sy rus van haar arbeid met die hoop om 'n deelgenoot te wees in die eerste opstanding tot die ewige lewe.

JNO. RAUBENHEIMER.

*The Southern*  
**African Division Outlook**

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON ..... Editor  
MRS. J. L. MILFORD ..... Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor.  
A. F. Tarr ..... Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
M. P. Robison ..... Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy.

## Helderberg News Notes

THE annual Colporteurs' Institute is in session at the college this week. Brethren Potter and Ficker are presenting the instruction. About a dozen students plan to take up the colporteur work during the holidays.

THE College Chorus presented a varied programme of part songs, in a recital on the evening of September 30. Ellen Wright and Elza Marais assisted with a violin solo and a reading. A number of visitors were present for the occasion.

MISSES WESSELS AND OLDS, of Wellington, were recent visitors. Miss Wessels expects to teach violin at the college next year. Other visitors include Mr. Chick of Bulawayo who surprised his daughter Ellen; and Mrs. Dale of Bloemfontein who is visiting Audrey and Hilda.

BEGINNING November 1, Helderberg College will have a new postal address. It will be "Mont Clair." These are the French words meaning clear mountain, in other words "Helderberg" in a different language. There is already a post office by the name of "Helderberg," and a station by the name of "Colleges" so that we could not use any part of the name of the college, as part of the post office name.

\* \*

## Dankbetuiging

ONS het die voorreg gehad om oor die naweek Broeder T. van Rensburg, van Ermelo, in ons midde te hê. Sy prediking was heerlik, kragtig, sielverkwikkend, en tot groot seën vir ons gemeente. Die opkoms was bemoedigend, veral die laaste aand was almal teenwoordig, en Gods Gees het in stilte met elke individu gewerk. Lede wat vir jare nie in die kerk was nie, en sommige wat koud geword het, het die dienste weer bygewoon, en daar het weer nuwe lewe gekom. Ons dank die Here dat Hy Broeder van Rensburg tot ons gestuur het met sy heilsame boodskappe. Ons stel dit op prys, en sou graag meer sulke boodskappe hoor.  
H. VAN ECK.  
*Sunnyside, Parys, O. V. S.*

## 'n Brief van die Divisie President

*Aan Ons Geliefde Broeders en Susters in die Suidelike Afrikaanse Divisie.*

GROETE!

Alvorens my vertrek na die raadsvergadering in Amerika, voel ek dat ek aan u 'n afskeidswoordjie moet rig. Hoe wens ek dat ek u van aangesig tot aangesig alles kon vertel wat op my hart is; maar aangesien dit nie moontlik is nie, sal ek maar deur middel van die OUTLOOK, hierdie brief aan u rig.

WAARDERING.—Ten eerste wil ek die werkers sowel as die leke verseker van my innige waardering ten opsigte van die ywer wat hulle aan die dag gelê het gedurende die afgelope Oesinsamelingveldtog. Die werkers en 'n groot aantal van die leke het hulself waarlik op 'n edelmoedige wyse van hul taak gekwyt. Die uitslag was regtig baie bemoedigend. Die surplus was 'n aangename verrassing en sal ons baie help om in die dringendste behoeftes te voorsien. Ons gebede en pogings gedurende die veldtog was nie tevergeefs nie, en ons kan God almal saam dank vir wat ons uitgerig het.

ONLANGSE BERIG VAN DIE WÊRELDKONFERENSIE.—In briewe wat ons onlangs van die Wêreldkonferensie ontvang het, word berig dat daar ernstige probleme is wat by die aanstaande raadsitting opgelos sal moet word. Die verliese as gevolg van die huidige wisselkoers veroorsaak groot kommeris; en dan is toestand in Duitsland baie sorgwekkend. Die Duitse owerheid belet dat daar veel geld uit die land gestuur word, en om die rede kry die sendingveld wat onder die Sentrale-Europese Divisie val baie swaar. Om die waarheid te sê, het meeste van die sendelinge van daardie veld, van die begin van die jaar, nog maar een maand se salaris ontvang, en die broeders daar moet hulle maar met baie weinig behelp. Albei hierdie vraagstukke sal baie moeilik wees om op te los, en die oplossing daarvan mag die begrotings van die hele wêreld-veld raak. Ons hoop, egter, dat die Here die broeders sal help om die vraagstuk op te los sonder verdere besnoeiings.

Leraars Shaw en Williams van ons hoofkwartiere het aan al die divisies 'n baie ernstige versoek gerig, waarin elke veld gevra word om alles in sy vermoë te doen om die tiendes en sendingfondse van nou af tot die einde van die jaar te laat styg. Ek verwittig u derhalwe van hierdie oproep, en is seker dat ons broeders en susters in Afrika hul plig sal doen deur getrou hul tiendes te betaal en 'n nog groter opoffering te maak om die fondse vir die laaste kwartaal te vermeerder. Ons dank die Here vir die vermeerdering wat daar alreeds in die Sabbatskool offerandes is. Ons hoop dit sal so aanhou. En dan, broeders en susters, laat ons die jaarlikse offerande onthou wat aan die einde van die Week van Gebed opgeneem sal word, en laat ons dit 'n milde offer maak.

DIE AANSTAANDE WEEK VAN GEBED.—Voor ek weer in Suid-Afrika sal terug wees, sal die Week van Gebed verby wees. Hoewel ek uit die Divisie afwesig sal wees, wil ek hê dat u moet weet dat ek in die gees by u is. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om beide werkers en leke dringend te versoek om alles te doen om die aanstaande Week van Gebed 'n magtige geestelike faktor te maak in ons strew tot 'n nouer gemeenskap met God. As daar ooit 'n tyd was vir die „Israel van God" om op geestelike gebied 'n hoër peil te bereik, dan is dit nou. Ons staan voor die moeilikheid van die laaste dae. Ons genadetyd snel spoedig ten einde. Dis nou die tyd om die Here te soek soos nog nooit tevore nie. 'n Vooraanstaande wetenskaplike wat nou gestorwe is, het gesê: „Die grootste behoefte van die wêreld vandag is die behoefte aan geestelike krag." Hierdie verklaring druk 'n baie groot waarheid uit. Ek vertrou dat die aanstaande Week van Gebed vir ons in die Suidelike Afrikaanse Divisie die hemel se rykste seëninge sal meebring.

Mag ek u ten besluite met alle erns versoek om die aanstaande raadsvergaderings, elke dag in u gebede te gedenk? Die sitting vind plaas te Battle Creek, Michigan, V. S. A., 6 tot 14 November. 'n Paar dae voor hierdie datum sal Leraar Watson en die broeders van die Wêreldkonferensie bymekaarkom, en ons sal die gebede van Gods volk, gedurende hierdie belangrike vergaderings baie nodig hê. Ek weet u sal dit as 'n vreugde en 'n voorreg beskou om hierdie raadsittings, in u gebede rondom die huisaltaar sowel as in u private gebedslewe, te gedenk.

Ek wens u die leiding van God, en die Here se rykste seëninge toe gedurende my afwesigheid, en gee u die versekering dat ek u elke dag in my gebede sal gedenk.

U broeder in die Meester se diens,

J. F. WRIGHT.